Die leraars lei die optog van die historiese kerk af. Foto's: Gawie en Susan van Broekhuizen

Kerk se twee eeue gevier

Willem Theron

'n Besonderse geleentheid is die naweek van 9 Augustus gevier toe die NG kerk Somerset-Wes sy 200ste bestaansjaar gedenk het.

Die dubbele eeufees het Vrydagaand met 'n kaas-en-wyn-geselligheid, gekoppel aan 'n feeskonsert, begin en is deur 150 gaste geniet.

Die historiese hoogtepunt is Saterdag 10 Augustus by die ou historiese kerk in Kerkstraat gevier. Volgens die ou kerktradisie is 'n voorbereidingsdiens vir die volgende oggend se nagmaal deur ds. Fourie Rossouw gelei, waartydens die koor van die Nuwe Apostoliese kerk opgetree het. Hierna is 'n krans op die graf van ds. James Edgar, wat tot 1848 die leraar was, gelê.

Vyf leraars wat tans by die gemeente betrokke is, het 'n optog van die historiese kerk tot by die huidige kerk in Andries Pretoriusstraat gelei, geklee in die tradisionele togas en wit dasse. Hier is 'n gedenkteken deur ds. Johan van Niekerk onthul, waarna die nuwe uitbreiding aan die kerksaal formeel ingewy is en die aanwesiges heerlik saamgekuier het.

Jean du Plessis neem die kranslegging waar by ds. James Edgar se graf.

Die verrigtinge is Sondag 11 Augustus plegtig voltooi met die viering van 'n feesnagmaal wat deur ds. Nelis Janse van Rensburg, voorsitter van die Moderamen, gelei is.

'n Finale feestelike saamkuier in die saal het die verrigtinge afgesluit.

Jack en Ans Meyer sny die kerk se besonderse verjaarsdagkoek.

Ds. Nelis Janse van Rensburg op die pragtig versierde kansel, met die nagmaaltafel voor.

Die rooi lint voor die saal se uitbreiding word deur ds. Willem Doman geknip.

Die gedenkplaat word deur ds. Johan van Niekerk onthul.

Die optog kom by die huidige kerk aan.